MUNISIPALITEIT **RICHTERSVELD** MUNICIPALITY

Privaatsak | Private Bag X113 | Port Nolloth | 8280 | Tel: (027) 851 1111
McDougallsbaai Kampeerterrein | McDougalls Bay Caravan Park
Tel: (027) 851 1110

Rig alle korrespondensie | Address all correspondence
aan die | to the
Munisipale Bestuurder | Municipal Manager

MUNISIPALITEIT
RICHTERSVELD
MUNICIPALITY

Verwys na :
Refer to :

PUBLIEK:

GELUKWENSING MET KERSGETY:

Mag die inwoners van Richtersveld en al die vakansiegangers gedurende hierdie feesseisoen die ware betekenis van Kersfees ervaar, vergestalt en uitleef. Mag elkeen die profetiese woord van Jesaja omarm naamlik: Want 'n kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.

Nou is 2018 byna verby en God gee ons weer 'n geleentheid in 2019 om te dien, maar meer as net dien. Mag ons die lesse van 2018 leersaam vind en mag ons 2019 met groter ywer ingaan. Mag ons Christus in hierdie Kersgety altyd eerste stel, ons gesinne met die nodige respek behandel en vir ons onmiddellike gemeenskappe 'n lig van hoop word.

Aan die wat tyd saam met hulle geliefdes gaan deurbring, geniet dit want dit is kosbaar. Vir die wat gaan reis, doen dit met die nodige respek vir jou lewe, maar ook vir die mede padgebruikers.

Namens die Stadsraad wens ek ook aan almal 'n Geseënde, voorspoedige en gelukkige nuwe jaar toe. Mag ons in alles - ons gedagtes, optrede en besluite, die Wil van God soek.

Nogmaals alle voorspoed.

Die uwe

A..M.JANSEN
BURGEMEESTER

Datum: 11 - 12 - 2018